

Link Seed – nuwe uitdagings en geleenthede

WESSEL PRETORIUS, BEMARKINGSDIENSTE,
LINK SEED

In Januarie 2013, ná maande van positiewe en konstruktiewe samesprekings, het Pieter Herbst, besturende direkteur van Link Seed, 'n meerderheidsaandeel aan Limagrain, die vierde grootste saadgroep ter wêreld, verkoop. Beide maatskappye deel dieselfde waardes en standaarde en dit het, volgens Herbst, bygedra tot die besluit.

Limagrain

"Coopérative Limagrain", met wortels diep geanker in Auvergne, Frankryk, is in 1942 gestig en bestuur deur produsente. In 1965 is die naam Limagrain in gebruik geneem ten tyde van die opening van die eerste melienavorsingsstasie in Aubiat.

Sedertdien het Limagrain, wat spesialiseer in graangewasse, groentesaad en graanprodukte, gegroei tot 'n internasionale reus in die saadbedryf en is tans die vierde grootste saadmaatskappy in die wêreld en die toesaadmaatskappy in Europa.

Die aankoop van 'n groentesaadmaatskappy, Vilmorin, het hiertoe bygedra en sedert 2006 word die graan- en groentesaadbesighede onder die vaandel van hierdie affiliaal, Vilmorin & Cie, bedryf. Tans bestaan Limagrain uit 3 500 produsentelede en meer as 8 000 werknemers wêreldwyd.

Die graangewassaad-afdeling bestaan tans uit Limagrain Europa, AgReliant Genetics (50%), Limagrain Asië, Limagrain Cerial Seeds en Limagrain Suid-Amerika.

Limagrain plaas 'n hoë premie op kliënte-verhoudings en om deurgaans die behoeftes van produsente in ag te neem en hierdie behoeftes oor te dra aan navorsers wat toegewyd is in hul verbintenis om nuwe, verbeterde kultivars te ontwikkel.

Om dit te bereik, is bykans 100 navorsingsstasies wêreldwyd opgerig om kultivars in hul eie klimaatomgewing te evalueer. Hoogs gespesialiseerde biotegniese laboratoriums bied toegang tot versnelde

planteteling en die ontwikkeling van geneties gemodifiseerde plante.

Vir Limagrain is die leuse "van grond tot lewe" 'n uitdrukking wat dui op 'n verbintenis om meer en meer te produseer met groter volhoubaarheid en met innovering en regulering as kernfilosofie.

Link Seed

Met toegang tot hierdie navorsingsfasiliteite en genetica bied dit groot toekomstige voordele aan ons by Link Seed asook uiteindelik aan Suid-Afrikaanse produsente en produsente in die groter Afrika.

Voordele sluit toegang tot mieliekiemplasma uit verskeie oorde in, maar veral ultravinnige basters wat saam met Link Seed se huidige, plaaslik ontwikkelde produkte, die volle spektrum kan dek.

Benewens mielies, is daar die geleentheid om puik sonneblombasters te evalueer vir die plaaslike mark asook toegang tot 'n magdom van koringkiemplasma.

Met hierdie ooreenkoms is daar dus vir Link Seed groot uitdagings wat voorlê om dit wat aangebied word ten beste te ondersoek en te benut en aan ons produsente te bied.

Link Seed bly Link Seed en die gesindheid en toewyding van die afgelope 20 jaar sal steeds daar wees.

Mielieproduktoreeks vir 2013

In ons witmielie-reeks is daar die medium-vinnige LS 8533R wat uitstekende voordele bied. Hoë opbrengspotensiaal, baie goeie staanvermoë en goeie algemene siekte-weerstand. Hierdie baster het dan ook uitstekende resultate in die 2012-LNR nasionale proewe gelewer in beide die westelike en oostelike gebiede, wat dui op wye aanpasbaarheid.

Nuut op die mark is LS 8539B*, medium tot vinnig, en LS 8537* – 'n medium groeiseisoen-baster. LS 8539B is 'n hoë opbrengspotensiaal, meerkoppige baster

met wye aanpasbaarheid, vinnige graan-afdroging en baie goeie weerstand teen roes. LS 8537 is daarenteen meerdoelig met uitstekende graanopbrengs en uitstaande kuilvoereienskappe.

Aanvullend tot die witbasterreeks, is daar ou staatmakers soos LS 8531, vinnig met baie goeie staanvermoë en baie stabiel in beide die westelike en oostelike gebiede en ook LS 8519, die vinnigste uit die grond uit, meerkoppig met baie goeie graankwaliteit.

LS 8529 en sy Bt-maat, LS 8535B, is medium groeiseisoen-basters met uitstekende staanvermoë en baie goeie opbrengspotensiaal, veral met vroeë aanplantings.

Met drie geelmieliebasters in die top tien van die 2012-LNR nasionale proewe, is geelmielies en die naam Link Seed reeds lankal sinoniem.

LS 8518 is reeds bekend vir sy uitstekende opbrengsvermoë en wye aanpasbaarheid. Voeg hierby uitstekende staanvermoë en graankwaliteit en hierdie medium-groeier is geormerk as 'n wenner. Vir produsente met onkruidprobleme, is LS 8524R 'n seker keuse.

Hierdie medium-vinnige baster is vinnig besig om oor 'n groot gebied veld te wen. Uitstekende opbrengste word behaal en staanvermoë is seker die beste eienskap saam met vinnige graanafdroging.

LS 8526 is 'n medium-vinnige baster, wyd aanpasbaar en tans 'n treffer in die oostelike hoëveld. Vinnige afdroging, wat belangrik is in die koeler, korter groeiseisoen-gebiede, is 'n verdere voordeel.

Nuut in ons geel-reeks, is LS 8528R*, met baie goeie staanvermoë en vinnige afdroging – 'n uitstekende, effens vinniger aanvulling tot LS 8524R. LS 8532B* (medium-vinnig) en LS 8536B*, met 'n medium groeiseisoen, is nuut in die stronkboorderweerstandreeks. Beide basters droog vinnig af, staan baie goed en is wyd aanpasbaar. ■

* Ingedien vir variëteitslys-plasing.